**Bergsig betrokkenheid by Evangelisasie in Noord-Mosambiek**

Sedert 1994 is Durbanville Bergsig, in vennootskap met NGK Helderberg, betrokke by evangelisasie in Noord-Oos Mosambiek. Dit geskied tans hoofsaaklik deur ondersteuning en opleiding van ons susterskerk, die IRM - Igreja Reformada em Moçambique.



Aanvanklik was die ondersteuning dmv die plasing van Suid-Afrikaanse sendelinge in Milange. In 2017 het die susterskerk, met die inwerking van die Heilige Gees,sodanige volwassenheid bereik dat hulle 2 evangeliste kon uitstuur na onbereikte areas om 2 nuwe kerke te plant.

Pastor Jose Ernesto Ganhali (heel regs op die foto) het 'n kerk geplant in die Mavago area. 790 km noord van Milange, dus 15 uur per slegte grondpad.



Pastor Josias Guambe (links voor op die foto) het ook reeds 'n kerk geplant in die Mute/Palma area. 1328 km Noord-Oos van Milange, dus bykans 20 uur per grondpad. Pastor Guambe se bediening het spesiale uitdagings.  Verskeie militante groepe soos Boka Haram en El-Shabaab is in die area betrokke en tientalle inwoners - gemeentelede en Moslems – is wreed vermoor.

Bergsig is ook by verskeie ander Evangelisasie projekte in Mosambiek betrokke. Sommige hiervan is Andre en Anna-Marie Thiart se Makwe bediening sowel as die finansiële ondersteuning van 3 pastore rondom die Milange area.

Mosambiek Evangelisasie benodig ons gebedsondersteuning, veral in die lig van die onlangse Idai en Kenneth vloede en stormwinde.  Bydraes kan gemaak word dmv Bergsig se Geloofsgelofte-Offers.

Vrede vir jule
Abrie Coetzee